**SLEGS VIR UITWENDIGE DIEREGEBRUIK**

# Bantik

Reg. Nr. G3571 Wet 36/1947
NS0 V05/18.1.8/290 Wet 13/2003

**EMULSIFISEERBARE KONSENTRAAT – BEESDIP- EN SPROEI**

- Beheer bosluise, laat bosluise afval.
- Dood luise.
- Beheer lasvlieë, bytende- en gesigvlieë.
- Beskerm teen spykerwurmbesmetting in beeste.

**GIFTIG**
**Bevat:**
Simiasol 17,5% m/v
Sipermetrien 2,5% m/v
(hoë sis-isomeer)

**RENOSTERVOËL VERSOENBAAR**

**BERGINGSAANWYSINGS**

- Berg in oorspronklike houer weg van kos en voer.
- Berg in 'n koel droë plek.

**WAARSKUWINGS**

- GEEN MELK ONTTREKKING.
- MOENIE DIERE VIR MENSLIKE VERBRUIK SLAG BINNE 7 DAE NA LAASTE AANWENDING NIE.
- Uiters giftig vir visse.
- Hanteer versigtig. Giftig by kontak, inname en inaseming.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie middel breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

**VOORSORGMAATREËLS**

- Vermy kontak met konsentraat. In geval van toevallige vel kontak, verwyder klere en was vel deeglik met seep en water.
- Vermy kontak met dipmengsel vir lang periodes en inaseming van sproeinewel.
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of gedurende dip nie.
- Voorkom besoedeling van kos, eetgerei, voer, drinkwater, damme, riviere, ens.
- Vernietig leë houers deur te perforeer en plat te druk. Moenie vir enige ander doel gebruik nie.

**GEBRUIKSAANWYSINGS**: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

- MOENIE MET ENIGE ANDER DIP MENG NIE.
- SKUD GOED VOOR GEBRUIK.
- Maak 'n voormengsel aan deur die regte hoeveelheid konsentraat by twee maal soveel water te voeg, en deeglik te meng.
- Voeg die voormengsel by die die res van die water in die diptenk of spuitgang se houer-tenk. Maak seker dat die meeste van die mengsel aan die diep kant van 'n diptenk gevoeg word.
- Meng die inhoud van die tenk goed voordat daar met dip of bespuiting begin word.

**Verdunning:**

| METODE | VARSVUL | | AANVULLING | |
|---|---|---|---|---|
| | BANTIK BEESDIP | WATER | BANTIK BEESDIP | WATER |
| Dompeldip | 1,5 ℓ | 1 000 ℓ | 3 ℓ | 1 000 ℓ |
| Spuitdip | 1,5 ℓ | 1 000 ℓ | 1,5 ℓ | 1 000 ℓ |
| Handspuit | 15 mℓ BANTIK BEESDIP per 10 ℓ water. | | | |

**Aanbevelings:**

- **Spuitdip:** Meng slegs genoeg dipmengsel vir een behandeling en moenie laat oorstaan nie.
- **Versterking:** Versterk die spuitdip deur 200 mℓ by te voeg na behandeling van elke 100 beeste.
- **Handbesproeing:** Verseker dat diere tot by die vel benat is, verval onder die stert, die ore en tussen die bene waar bosluise versamel.

**Diptussenposes:**

- **Bosluise, vlieë en spykerwurm:** Dip of spuit weekliks.
- **Luise:** Dip of sproei wanneer nodig.

KAH/INS103/2022/1

KYRON

***Registrasiehouer:*** *Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal, Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.*